MEDIAVRYSTELLING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

GELOFTE-GEDENKSTENE OP 16 DESEMBER ONTHUL

Pretoria, 3 Desember 2012. Die jaarlikse Geloftediens op 16 Desember by die Voortrekkermonument sal hierdie jaar afgesluit word met die onthulling van Gelofte-gedenkstene in Afrikaans, Engels en Nederlands. Die gedenkstene is deel van die 175ste herdenking van die Groot Trek wat volgende jaar gevier word. Die diens sal vroegoggend begin en teen 10:45 afsluit, waarna die Monument om 11:00 oopgestel sal word vir gewone dagbesoekers wat nie die diens bygewoon het nie.

Die diens en die sonverligting van die Senotaaf sal ook op groot skerms in die Heldesaal en die Senotaafsaal geprojekteer word. Gaste moet asseblief daarop let dat die kwaliteit van die klankprojeksie beter in die Senotaafsaal is. Hulle word vriendelik aangemoedig om eerder in die Senotaafsaal te sit as hulle beter wil hoor.

Persone wat die Geloftediens bywoon, betaal nie toegangsgeld nie, maar ‘n kollekte sal wel voor die aanvang van die diens opgeneem word om te help met die bestryding van die koste van die verrigtinge.

Die program is kortliks soos volg:

- 07:30 VTM hoofhekke maak oop
- 07:30 Assegaaihekke en Monument se deure maak oop en gaste neem plekke in
- 08:30 Samesang: Sangleier, dr Lukas de Kock, orrelbegeleiding mev Tersia Knobel
- 09:00 Opneem van kollekte
- 09:30 Voorlees van Gelofte
- 09:35 Geloftediens gelei deur ds Danie Langner – NG Kerk, Doringkloof
- 10:30 Afsluiting – wegpak van stoele
- 10:45 Onthulling van Gelofte-gedenkstene (regs geleë net na die assegaaihekke).
- 11:00 VTM-hoofhekke open vir algemene publiek (normale toegang betaalbaar)
- 12:00 Waarneem van die son op die Senotaaf

Gaste word vriendelik versoek om vroeg te kom, sodat hulle reeds van 07:30 af hulle sitplekke in die Monument kan begin inneem. Die Monument se deure sal toegemaak word sodra die monument vol is, waarna laatkommers onder die tentafdakke buite die Monumert geakkommodeer sal word. Persone wat verkies om buite te sit, is welkom om hulle eie opvoustoele saam te bring. Klank sal aangebring word, sodat almal na die diens kan luister.

Rolstoele en helpers is op aanvraag op die hoofparkeerarea van die Monument beskikbaar om bewegingsgestremde persone met die spesiale rolstoelpad na die Monument te help vervoer. Die diens word deur die Direksie van die Voortrekkermonument gereël met ondersteuning van Die Voortrekkers.

Navrae i.v.m. die dag se aktiwiteite kan gerig word aan Annatjie by 012 326 6770 of ontvangs@voortrekkermon.org.za. Die Besturende Direkteur van die Monument, me Sonja

Lombard, sal van 11:00 af by die Vrou en Kinderbeeld vir onderhoude beskikbaar wees, of alternatief voor die diens by die hoofingang van die Monument.

_____

UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@voortrekkermon.org.za